HANDEVAT

NG GEMEENTE Proteahoogte


Waar God ons ontmoet en verander vir ander

Handevat Bediening

27 Julie 2023

Handevat bediening danie@handevat.com
+27 (0)82 721 3809

# Verslag van Julie 2023 Besoek aan Mosambiek




## Doel van uitreik

Die doel van die hierdie besoek was verdeel in twee afdelings. Die grootste gedeelte is om saam met die Gereformeerde Kerk Pretoria Annlin drie sendinggebiede te besoek. Pretoria Annlin Geref Kerk het al oor jare 'n verhouding met die gebied opgebou en ondersteun die Gereformeerde Kerk in Mosambiek om die werk in hierdie sending gebiede te doen. Die verteenwoordigers van die Geref Kerk Annlin vlieg dan weer terug na RSA en dan begin die tweede deel van die uitreik.

Die tweede gedeelte van die besoek is om die IRM by te staan met die vervoer van dominees. Daar was ook 'n besoek beplan aan 'n sending gebied in Malema, maar dit is ongelukkig gekanselleer.

# Uitreik saam met Annlin Geref Kerk

## Die span



Hierdie is die vier manne wat saam met my die span gevorm het. Vlnr is dit ds Januario Caia, dan Ds Samuel Pedro, Dirk Theron, ds Giepie vd Merwe. Die Here het met ons as span gewerk en deur die genade ook hierdie span gebruik.

## Nampula

In Nampula is daar 'n kerk gebou wat aan die kerk geskenk is. Vir 'n paar jaar het daar net 'n paar mense die kerkie bygewoon. In hierdie besoek vind ons dat 'n paar nuwe gesinne nou aangesluit het. Ons kon daar toerusting doen en aanmoedig. Dit is vir my goeie nuus om ds Samuel Pedro te hoor praat oor sy toerusting van die lidmate. Hy vertel van hoe die boodskap van Johannes 15 vir hulle baie belangrik geword het. Dit was dan ook die opleiding wat voorheen saam met hom gedoen is in sy vorige gemeente van Magodane. Dit is gedoen met samewerking van Geref Kerk Strand.

Ons koop ook 'n klompie Bybels in 'n agterstraat van die stad by die Bybelgenootskap. Dit word saam met klank-Bybels gebruik in die bemagtiging van gemeentes.

## Ribaue

In die verlede was daar net een kerkie, naamlik Cunle. Intussen het daar 4 nuwe kerkies in die omgewing bygekom. Ons het een van die nuwe kerkies eerste besoek nl Nacuculu. Die kerkie was vol van belangstellendes vanuit die drie ander nuwe kerkies asook leiers van 4 verskillende denominasies met vreemde name.

Ds Giepie het 'n groot deel van die toerusting gedoen en op 'n baie mooi manier mense gehelp om self die boodskap in die Bybel op te spoor en hy daag hulle uit om dit uit te leef. Ek doen ook 'n gedeelte oor hoe 'n gemeente en leiers God se wil dien en nie eie wil. Wat dit prakties beteken en hoe is ons leiers van Christus.

Tydens 'n gebedsessie word ek geraak deur mense se eerlikheid oor vrese en probleme. Dit wissel van nagmerries wat deur slegte geeste veroorsaak word tot verhoudings en selfs seksuele probleme. Daar is ook baie siektes en baie daarvan word ook gesien as siektes wat slegte geeste veroorsaak. Daar is rou seer en vrees en daar word werklik geglo dat die besoekers se gebede baie meer krag het as hulle eie. Ons word oorval deur die uitdagings.

Ons beleef dat die grond baie vrugbaar is en dat daar 'n honger is om meer te weet. Veral die verteenwoordigers van ander denominasies het goed saam gesels.

Hiervandaan skuif ons toe vir twee dae ook na Cunle.

Hier asook in Nacuculu word tyd spandeer om oor vertroue te gesels in antwoord op vrees. Asook onderlinge versorging.

Die ander baie belangrike deurbraak was dat daar geskuif is van die tradisionele idee dat die Here se seën, materiële goed is na die werklike troos in 'n verhouding met 'n Vader wat ons nie verdien nie. Hoe om te leef met 'n gesindheid wat werklik meer vreugde kry uit gee as ontvang. Dit het werklik gelyk asof hierdie groot uitdaging in die bediening in Mosambiek hier verstaan is. Vir my is dit 'n groot ding, want dit is so 'n vernietigende idee dat die Here deur materiële dinge seën en dat dit deur mense van buite kom. Soos een ouderling reageer het: Ek het geleer dat ons nie die dinge van die Here in die eerste plek moet soek nie, maar die Here self.

## Nacala

Op pad na Nacala moes ons omdraai weens probleme met die bakkie. Ons stuur toe die twee dominees met 'n taxi na Nacala. Die middag gebeur daar 'n wonderwerk en kry ek die bakkie weer reg. Die volgende oggend is ons vroeg weg en het by die werk aangesluit in Nacala.

In Nacala stad was daar 'n groepie gelowiges wat baie hard probeer om 'n gemeentetjie te stig, maar die terrein wat hulle kon koop, is deur die sikloon weggespoel saam met 'n tydelike struktuur wat daarop gebou was. Daar was 'n groot moedeloosheid, maar hierdie jaar vind ons dat ook hier groei plaasgevind het. Tydens die Sondag wat ons daar was, het daar 40 volwassenes en 15 kinders opgedaag. Hulle het nog nie 'n terrein nie, maar het 'n tydelike struktuurtjie opgerig op die erf wat deur 'n student wat 'n lidmaat is gehuur word. Hy sal egter nie meer lank daar kan bly nie, so daar is 'n bekommernis oor 'n terrein. Dit is baie moeilik daar, want daar word dikwels gediskrimineer teen Christene in die oorwegend Moslemstad.

Ek kry griep en moes met koors, seer lyf en 'n stem wat heeltemal verdwyn het voortgaan met die werk. In amper moedeloosheid ontdek ek die waarde van lofprysing en begin God te prys vir wat hy in Mosambiekers se lewens doen.  Hier is 'n aanhaling uit my blog"*Dit is vir my geweldig waardevol om saam met God hier te werk. Hy is lief vir ons en ek leer dit nog aan. Ek probeer 'n diens lewer en wat gebeur? Hy bou 'n onbeskryflike bouwerk in my! Hoe heerlik is dit om ook Sy liefde vir Mosambiekers te sien. As dit hard, moeilik en spanningsvol word, dan loof ek Hom hiervoor en dikwels bring dit rustigheid en vreugde. Daar begin dit reën. Lekker aand.*"

## Vergadering in Nampula

Dit was baie goed om saam met die sinode se verteenwoordiger nl ds Januario Caia en ds Sameul Pedro te gesels oor samewerking tussen die sinode, plaaslike Mosambiekse sendinggebied en Geref Annlin-gemeente. Daar word sensitiewe misverstande deurgepraat en ons groei werklik baie in ons verstaan van verhoudings met Afrika.

Ek laai vir Dirk en Giepie by die lughawe af en gaan laai dadelik vir ds Tuvuliua en sy gesin op in Nampula. Ek het werklik nie gedink ons gaan alles gelaai kry nie, maar die wonderwerk gebeur en ons los niks agter nie.



Alles reën behoorlik nat en die aand moes ons 4x4 gebruik om deur die modderige paadjie te kom in die donker tot waar hulle in hulle nuwe gemeente afgelaai is. Die soort van ervaring bring mens baie naby aan die leefwêreld van my kollegas.

Die volgende dag ry ek die hele dag tot by Gile, want die paadjie is baie stadig. Daar laai ek die gesin van ds Estevao Philima op met hulle hele huisraad en ry ons die hele dag weer tot donker na die gemeente waar hy gaan werk. Ek beleef die emosies van afskeid en opgewondenheid en openheid waarmee 'n nuwe gemeente hulle leraar ontvang. Hier is 'n foto van Mulanje-berg op pad soontoe:



Die laaste program na Malema word gekanselleer en ek gebuik die geleentheid om 'n byeenkoms in Liazi-gemeente by te woon. Ek kry die geleenthied om drie baie goeie gesprekke met leiers te voer. Hier is 'n foto van die byeenkoms:



Dit was nogal nostalgies, want in 1995 was hierdie my eerste gemeente. Dit was ‘n herontmoeting van ouderlinge wat steeds daar is, behalwe vir ‘n paar wat al afgesterf het. Ook was dit baie goed om ‘n hele paar kollegas daar weer te sien.

Na hierdie byeenkoms het ek drie dae vroeër as beplan weer terug begin ry na RSA. Dit was baie voorspoedig.

## Toekoms

Ek en ’n paar van my kollegas is nou gereed om streeksleiersbyeenkomste in Mosambiek te hou. Ek glo dat dit die proses waarmee die Here besig is in Tumbine-sinode sal dien. Daar is ‘n hele paar radikale denkpatrone wat begin verander na ‘n meer Bybelse manier van dink. Ons kan saam met die Here worstel in gesprekke, gebed en toerusting om die wil van die Here vir die proses te soek en te leef. Sommiges dink ek is gereed om met ’n bietjie aanmoediging en ondersteuning, groot koninkryksinisiatiewe te neem.

NGK Proteahoogte, BAIE DANKIE vir wat julle deur Handevat vir Mosambiek se mense doen. As daar iemand is wat in September of in volgende besoeke kan saamgaan, sal dit ‘n groot vreugde wees.